OM DAAGLIKS TE STERF

WEEK 7: 4-10 NOVEMBER 2024

24-7 GEBED VIR DIE VERVOLGDE KERK IN AFRIKA SUID VAN DIE SAHARA

Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring. Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy magtige teenwoordigheid. Nasies kom na jou lig toe en konings na die glans van die nuwe dag wat vir jou aangebreek het.
(Jesaja 60:1-3)

In 2020 was Christene ongeveer 60 persent van die Afrika-bevolking suid van die Sahara, gevolg deur Moslems met 'n aandeel van ongeveer 30 persent. Daar was ongeveer 650 miljoen Christene in die streek, 'n getal wat na verwagting teen 2050 tot meer as een miljard sal toeneem. Ten spyte van algemene kerkgroei in hierdie streek, ontvou 'n krisis tans in Afrika suid van die Sahara. Islamitiese ekstremiste het ongekende geweld teen Christene in plekke soos Nigerië, Burkina Faso en die Demokratiese Republiek van die Kongo ontketen. Kom ons neem hande om hierdie week te spandeer in gefokusde dag en nag gebed vir die Vervolgde Christene in Afrika suid van die Sahara, wie daagliks die prys betaal vir die keuse om Jesus te volg.

MAANDAG 4 NOVEMBER 2024
BURKINA FASO
Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg. (Matteus 5:10-12).

Die impak van Islamitiese militante in die land brei uit, selfs in stede wat voorheen nie geraak is nie. Christene is geteiken en doodgemaak, en kerke is vernietig. Soortgelyke aanvalle in Niger, Mali en die groter Sahel-streek veroorsaak 'n ernstige situasie in Burkina Faso. Honderde kerke is gesluit weens jihadistiese aktiwiteite.

Kom ons bid
- Bid ernstig vir die geloof van die vervolgdes; dat hulle uitbundig sal wees van vreugde, want hulle hemelse loon is groot (Lukas 6:23). Bid vir hulle om getrou te bly in hul geloof, geestelik te groei en geleenthede te hê om van God se liefde teenoor hul naaste te getuig.
- Bid vir Christene wêreldwyd wat onreg ly bloot omdat hulle Christus volg; dat hulle op die Here sal vertrou en vertroosting in Hom sal vind.

GETUIENIS
PASTOOR SORÉ: "ONS IS ONTHEEM, MAAR JESUS IS NIE"
Lees die storie van pastoor Soré en sy gesin van 17 wat in Februarie 2023 gevlug het van die jihadistiese opstand wat noordelike Burkina Faso geteister het. Om ontheem te wees bring 'n menigte probleme, maar dit plaas ook 'n swaar las op hierdie evangelis wat die Evangelie wil deel, maar geen kerk het nie. **LEES MEER**

DINSDAG 5 NOVEMBER 2024
SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK
Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg. (Matteus 5:44).
Die dreigende krisis in die naburige Soedan vererger die gevaarlike situasie in die Sentraal-Afrikaanse Republiek. Tans heers wetteloosheid en anargie en dit bemoeilik Christene se veilige beoefening van hul geloof. Gewapende soldate wat dele van die land onwettig beset, was verantwoordelik vir menseregteskendings, sowel as die verbranding en vernietiging van kerkgeboue.

Kom ons bid
- Bid vir Christene om te getuig van hul geloof in Jesus Christus op 'n manier wat diegene wat beplan om hulle leed aan te doen sal oortuig om Jesus as hul Verlosser aan te neem (Handelinge 16:25, Lukas 6:27-31).
- Bid vir hulle om God se vrede te ervaar, ten spyte daarvan dat hulle swak voel en uitdagende omstandighede ervaar. Vra dat hulle sal weet dat Sy genade vir hulle genoeg is, want Sy krag kom juis tot volle werking wanneer hulle swak is (2 Korinthiërs 12:9).

GETUIENIS
FILIBUS: "ONS IS GELUKKIG"
Stel jou voor dat jy grootgeword het sonder 'n Bybel en, soos Salisu, net moes luister terwyl ander God se Woord lees. Vir 150 jongmense in die Wes-Afrikaanse land Niger was dit hulle werklikheid. **LEES MEER**

WOENSDAG 6 NOVEMBER 2024
NIGERIË
Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk. (2 Korintiërs 12:10).

Christene in die noorde van Nigerië, veral in die state wat 'n streng interpretasie van Sharia volg, staar diskriminasie en uitsluiting in die gesig, en word as tweedeklasburgers behandel. Christene uit 'n Moslem-agtergrond staar veral verwerping van hul eie gesinne in die gesig, druk om die Christendom prys te gee, en dikwels fisiese geweld en die dood. In onlangse jare het geweld toegeneem en na die suidelike state oorgespoel. Die gevolg hou 'n groter bedreiging vir veiligheid en vryheid van Christene in. Godsdienstig gemotiveerde geweld vind plaas, wat die Fulani-veewagters en hul beeste suidwaarts dwing en stremming veroorsaak in verhoudinge tussen boere en veewagters.

Kom ons bid
- Bid dat Vervolgde Christene diep verbonde sal voel aan Jesus te midde van hul lyding (Johannes 15:19-20).
- Bid vir hulle vir wysheid en onderskeidingsvermoë om elke uitdagende situasie te benader en om toegewyd aan Christus te bly (Matteus 10:16-18).

GETUIENIS
AMINA: 'N GELOOF WAT DEUR VUUR GESMEE IS
Boko Haram het Amina ontvoer en haar agt maande lank gyselaar gehou. Hierdie beproewings moes haar vernietig het. **LEES MEER**

DONDERDAG 7 NOVEMBER 2024
DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO
Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word." (Romeine 8:35-36).

In die oostelike streke van die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), veral in Noord-Kivu, het die situasie vir Christene al hoe moeiliker geword. Die teenwoordigheid van gewapende groepe soos die 'Alliance for Democratic Forces' wat trou aan die Islamitiese Staat gesweer het, was veral aggressief om Christene te teiken. Christelike dorpe is afgebrand, pastore, priesters en leke-Christene is ontvoer, en ongekende lyding is aan Christelike gemeenskappe toegedien.

Kom ons bid
- Bid vir Vervolgde Christene om vertroosting in die Here te vind ten spyte van die haat, diskriminasie en geweld.
- Bid dat God hulle wysheid sal gee oor hoe om te reageer wanneer hulle gevra word om rekenskap van hul geloof te gee en dat hulle met vertroue die Evangelie sal deel.

GETUIENIS
NEEMA: "GOD VEG VIR MY"
In Januarie 2023 het die Geallieerde Demokratiese Magte 'n ploftoestel in 'n kerk in die Noord-Kivu-provinsie in die Demokratiese Republiek van die Kongo laat ontplof. Daardie dag was Neema* in die kerk. **LEES MEER**

VRYDAG 8 NOVEMBER 2024
ETHIOPIË
Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. (Romeine 5:3-5).
Nie-tradisionele Christelike groepe verduur die ergste misbruik van beide plaaslike owerhede en die Ethiopiese Ortodokse Kerk (EOC), veral in gebiede waar die EOC baie oorheersend is. Bekeerlinge tot die Christendom vanuit 'n Moslem-agtergrond staar beduidende mishandeling van hul families en gemeenskappe in die gesig. In sekere gebiede word Christene toegang tot gemeenskapshulpbronne geweier en staar sosiale uitsluiting in die gesig. Die politieke geweld het die kwesbaarheid van Christene verskerp en hulle aan toenemende druk en geweld blootgestel.

Kom ons bid
- Bid dat Vervolgde Christene uit 'n Moslem-agtergrond toegang tot 'n Bybel, kos en skuiling sal hê.
- Bid vir militante Moslems om die waarheid van Jesus Christus te leer ken en op te hou om gelowiges te vervolg. Bid dat kerke onder onbereikte mensegroepe in Ethiopië en verder geplant sal word.

GETUIENIS
WASIHUN: 'N VADER VIR DIE VADERLOSES
Regoor Afrika suid van die Sahara word Christelike huise van vaders beroof, wat hul bedroefde gesinne kwesbaar laat. Wasihu was net sewe jaar oud toe drie aanvallers in hul huis geskree het: "Steek hom!" en toe was dit chaos. **LEES MEER**

SATERDAG 9 NOVEMBER 2024
KAMEROEN
Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees? (Psalm 27:1).

Die situasie in Kameroen word al hoe gevaarliker vir Christene, veral in die noordelike streke, waar ekstremisme onder Moslems toeneem. Bekering van Islam na die Christendom is baie gevaarlik. Die besit van Christelike literatuur, soos Bybels, kan dreigemente en selfs geweld meebring, wat baie bekeerlinge dwing om hul geloof in die geheim te beoefen. Vroulike bekeerlinge is veral kwesbaar en word dikwels aan gedwonge huwelike met nie-Christene of Moslems onderwerp. Kerkaktiwiteite word dikwels ontwrig.

Kom ons bid
- Bid vir vroue wat sosiaal kwesbaar is of toesig oor hul kinders verloor het weens hul geloof. Vra die Here om hulle moed te gee en dat hulle Hom sal vertrou in alle omstandighede.
- Bid vir vertroosting en hoop vir gesinne wat alles verloor het en geskei is van mekaar. Bid vir hulle om te weet dat God hulle sal versterk, hulle sal help, vashou en met Sy eie hand hulle sal red (Jesaja 41:10).

GETUIENIS
RUKAYYATU: MEES GEWAARDEERDE BESITTING
Toe Boko Haram Rukayyatu in die noorde van Kameroen in 2022 aangeval het, het sy alles verloor – haar huis, haar veld en haar gekoesterde Bybel. **LEES MEER**

SONDAG 10 NOVEMBER 2024
AFRIKA SUID VAN DIE SAHARA
Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet. (Jakobus 1:12).

Geweld in Afrika suid van die Sahara is op 'n hoogtepunt. Teen die einde van 2023 is 'n verbysterende 16,2 miljoen Christene regoor Afrika suid van die Sahara met geweld verplaas – baie deur vervolging. Christene wat weens hul geloof in Jesus uit hul huise en van hul grond gedwing is, leef in ondraaglike omstandighede in kampe vir intern ontheemdes. Getuienisse dui daarop dat Boko Haram, die Islamitiese Staat van Wes-Afrika en militante Fulani-groepe doelbewus Christene of Christengemeenskappe, hul lewensbestaan, geloofsleiers en plekke van aanbidding geteiken het vir moord, ontvoering en die vernietiging van kerke.

Kom ons bid
- Bid vir kerke om in kampe vir intern ontheemdes te vermeerder. Bid dat meer mense aangetrokke sal wees tot die innerlike vrede en vreugde wat Christene in hierdie kampe geniet. Vra God om 'n rivier van hoop voort te bring wat deur hierdie kerke vloei.
- Bid vir die kinders in kampe vir intern ontheemdes om Christus te ken en in hul geloof te groei. Vra die Here om hulpbronne te voorsien sodat hulle veilig kan terugkeer skool toe.

GETUIENIS
JEUG: DIE TOEKOMS VAN DIE KERK IN AFRIKA
Ongelukkig word jongmense weens die groot persentasie wat hulle verteenwoordig, ook die meeste deur die toenemende vervolging in Afrika geraak. **LEES MEER**